

Maandag 11 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 6:1-12

Fokusgedeelte: Hebreërs 6:4-6

Deur jou geloof is jy veilig, wees nou ywerig in jou diens aan die Here

Wanneer ek die gedeelte lees, kom verskillende vrae by my op. Dalk het jy dieselfde vrae. Gaan ek nie dalk eendag my geloof opgee nie? Indien ek dit doen, is daar geen kans vir redding nie!!! Gaan my siekte of seer nie dalk sterker as my geloof wees nie?

Maar wanneer ons die teks reg verstaan, word ons daardeur getroos. Die doel van die teks is om die skyngelowiges in die gemeente te vermaan. Daar was mense wat alles saam met die ware gelowiges gedoen het, maar hulle het nog nie by die ware betekenis van die gebruike uitgekom nie. Hulle is gedoop, het nagmaal gebruik ensovoorts, maar hulle het nie by Christus uitgekom as hulle enigste Verlosser en Saligmaker nie. Dis waarom die skrywer sê ons moet verder gaan. Dit help veel jy gaan kerk toe en leer al die mooi dinge, maar jy besef nie Christus het vir jou aan die kruis gesterf nie.

Hierdie mense het die skyn van ware geloof ervaar, maar dit het nie hulle lewe verander nie. Die sonde waarvan die skrywer in vers 4 praat, is nie om ná katkisasie-onderrig vir 'n rukkie af te dwaal en later ware berou te hê nie. Dit is die sonde teen die Heilige Gees. Esau en Judas is goeie voorbeelde van hierdie sonde. Hulle het die Here se goedheid geken, maar steeds besluit om teen Hom te kies.

Jy as uitverkore gelowige is egter veilig, vers 9 getuig hiervan. Deur ons geloof en die vrug van die geloof weet ons ons is gered. Tog is dit 'n waarskuwing aan elkeen wat nog nie waarlik in Christus glo en deur hulle geloof leef nie.

Leef vandag met die wete: Deur jou geloof is jy veilig. Wees nou ywerig in jou diens aan die Here!

Sing: Skrifberyming 14-1:1-2

Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg Kaap)